

Die grootste uitdagings in die land waarmee private sektor

SA moet kies: Dit is nou

Kenners maan oor die land al hoe minder aan infrastruktuur bestee en bepleit 'n vryer ekonomie, berig **Riana de Lange** en **Liesl Peyper**.

Suid-Afrika is vasgevang in 'n lae-groei-ekonomie met 'n ekonomie wat nie beleggingsgedrewe is nie. Dit plaas die regering voor 'n duidelike keuse: Strukturele groei of strukturele agteruitgang, waarskynlik die Martyn Davies, besturende direkteur van ontluikende markte en Afrika by Deloitte.

Sterk ekonomiese groei deur 'n vryer ekonomie (liberalisering) en vinniger strukturele hervorming is 'n politieke keuse, het Davies die afgelope week gesê tydens 'n bespreking voor die nasionale begroting later vandeesmaand.

Strukturele hervorming is noodsaaklik as Suid-Afrika 'n L-vormige ekonomiese herstel met 'n vlak trajek wil vermy.

Die land sukkel met ingeboude lae groei waar die ekonomie kwalik vinniger as die bevolking groei. Gevolglik is daar ook ingeboude ongelikheid, aldus Davies.

Byna al Suid-Afrika se probleme kan opgelos word as die ekonomie teen 5,5% per jaar groei soos in 2007, meen hy.

Hoewel ontwikkelende markte weer direkte buitelandse belegging lok en Suid-Afrika ook daarby kan baat vind, is die politieke wil nodig vir strukturele hervorming.

Davies sê in suksesvolle ekonomieë be- loop infrastruktuurbelegging sowat 30% van die bruto binnelandse produk (BBP) per jaar, maar middel- verlate jaar was die syfer in Suid-Afrika op 'n skamele 12,5%.

Uit begrotingsdokumente blyk in 2011-'12 is R80 miljard vir ekonomiese infrastruktuur begroot wat sowat 8% van gekonsolideerde regeringsbesteding uitmaak het. In die 2021-'22-begroting was dit R93,1 miljard, wat net 4,6% van die gekonsolideerde regeringsbesteding is.

Ekonomiese infrastruktuur dui op dienste soos elektrisiteit, water en sanitasie, telekommunikasie en openbare vervoer - aspekte wat ekonomiese groei aanhelp.

Kevin Lings, hoofekonoom by Stanlib, sê 'n mens word min wys oor die ware toedrag van sake uit die regering se infrastruktuur-besteding soos aangegee in die begrotings.

Dit gee nie die volle prentjie nie omdat die begrip "ekonomiese infrastruktuur" in die begrotingsoorsigte slegs breë kategorieë en 'n lys projekte behels. Baie van dieselfde projekte word jaar na jaar in die dokumente herhaal en dit gee nie "soliede" besonderhede oor vordering met infrastruktuurprojekte nie, sê hy. Vaste-kapitaalbesteding as 'n persentasie van die BBP gee 'n beter aanduiding van hoeveel aan infrastruktuur soos hawens en kragopwekking bestee word.

Gaba Tabane, 'n direkteur en hoof van Deloitte se afdeling vir die regering en staatsdiens, sê teen dié agtergrond lê 'n moeilike begroting voor vir Enoch Godongwana, minister van finansies. Hy stel die beleid, maar staatsdepartemente en ministers in diensleweringsportefeuljes moet dit uitvoer en geld herprioritiseer.

In die aanloop tot die nasionale begroting is daar ook druk uit verskeie oorde vir meer geld vir basiese onderwys om ongelikheid in die skoolstelsel reg te stel, én vir openbare gesondheidsorg.



"Byna al Suid-Afrika se probleme kan opgelos word as die ekonomie teen 5,5% per jaar groei soos in 2007"

As paaie, dienste en water in duie stort

Uitdaging 1: Ons kort kundiges.

Liesl Peyper

Suid-Afrika se vaste kapitaalbesteding is tans so laag dat bestaande infrastruktuur soos water- en sanitasiedienste, spoorlyne en paaie nie eens onderhou kan word nie, wat nog te sê van nuwe infrastruktuur bou, sê Kevin Lings, hoofekonoom van Stanlib.

Vaste kapitaalbesteding as 'n persentasie van BBP wys hoeveel van 'n land se BBP aan onder meer konstruksie, masjinerie, toerusting, geboue en ander vaste bates bestee word.

Vaste kapitaalbesteding in Suid-Afrika staan tans op 13% van BBP. Dit was tussen die jare 2004 tot 2008, toe die ekonomie 'n bloeitydperk beleef het, 23% van BBP.

"In daardie vier jaar kon ons 1,5 miljoen nuwe poste tot die ekonomie voeg; ons het ekonomiese groei van meer as 5% gehad; daar was 'n ruim verbetering in staatsinkomste en ons skuldvlakke tot BBP was op 26% van die laagste ooit," sê Lings. Maar sedert die wêreldwye fi-

nansiële krisis in 2008 is vaste kapitaalbesteding in Suid-Afrika op 'n afwaartse glybaan en dit het in 2016 selfs nog skerp afgeneem.

Vir 'n land soos Suid-Afrika, wat 'n geweldige infrastruktuur-agterstand het en nog aan die ontwikkel is, moet vaste kapitaalbesteding as 'n persentasie van BBP ideaal-gesproke ongeveer 30% wees.

Dit is ook die teiken wat die regering in 1996 gestel het in sy Gear-program wat op groei, werkskepping en herverdeling

sou fokus. Die regering het die oogmerk gehad dat 20% van die vaste kapitaalbesteding uit die private sektor en 10% van die regering af moet kom. Volgens Lings is die regering se vaste kapitaalbesteding as 'n persentasie van BBP tans 3,5% terwyl dié van die private sektor sowat 9,5% is.

Wanneer 'n land se vaste kapitaalbesteding tot BBP op 15% staan, is hy net in staat om die

bestaande infrastruktuur in stand te hou, aldus Lings. "Op 13% beteken dit die basiese instandhouding is nie eens daar nie."

Wanneer infrastruktuur nie eens meer in stand gehou word nie, beteken dit dat die land

oor infrastruktuur, maar net laas jaar nog het infrastruktuur-besteding afgeneem," sê Metelkamp.

Stuart Theobald van Intellidex skryf in *Business Day* dat die regering in die eerste kwartaal van 2018, toe Ramaphosa oorgeneem het, R33,6 miljard beleë het in infrastruktuur. In die derde kwartaal van 2021 was dit R25,5 miljard - 24% laer.

'n Gebrek aan kundigheid onder staatsamptenare wat projekte moet deursien - van die beginfase tot inwerkingstelling - is volgens ekonome een van die hoofoorsake waarom daar so min vordering is met infrastruktuurprojekte. "Daar is 'n algemene gebrek aan 'n geloofwaardige pro-

Wanneer 'n land se vaste kapitaalbesteding tot BBP op 15% staan, is hy net in staat om die bestaande infrastruktuur in stand te hou, aldus Lings. "Op 13% beteken dit die basiese